GROOT LYDENSWEEK 2006
MAANDAG, 10 APRIL 2006
Ds Freddie Schoeman

Ons doel hierdie week is om die pad agter Jesus aan te stap gedurende die laaste week voor sy kruisiging en opstanding.

Kom ons hersien Jesus se reis tot dusver:

Jesus se reis na Jerusalem het begin in die noorde van Palestina, by Betsaida en Sesarea Philipi.

Markus 8:22

22 Hulle het in Betsaida aangekom, en toe bring die mense 'n blinde man na Jesus toe en vra Hom om hom aan te raak.

Markus 8:27

27 Daarna het Jesus en sy dissipels na die dorpies naby Sesarea-Filippi gegaan.

- Die belydenis van Petrus
- Die eerste lydensaankondiging
- Strydgesprek met dissipels (Petrus)
- Die verheerliking op die berg
- Genees die seun wat besete was

Markus 9:30

30 Toe het hulle daarvandaan weggegaan en deur Galilea gereis.

- Tweede lydensaankondiging
- Strydgesprek met dissipels (wie is belangrikste)

Markus 10:1

Jesus het Hom gereed gemaak en daarvandaan na die gebied Judea toe vertrek, oorkant die Jordaan langs.

- Gesprek oor egskeiding
- Jesus seën die kindertjies
- Die ryk jongman

Markus 10:32

[32] Op pad Jerusalem toe het Jesus voor hulle uit geloop. Dit het die dissipels verontrus en die mense wat agterna gekom het, laat bang word.

- Derde lydensaankondiging
- Strydgesprek met dissipels (Jak + Joh)

Markus 10:46

[46] Daarna kom hulle in Jerigo aan.

- Jesus genees Bartimeus

Markus 11:1

Toe hulle naby Jerusalem kom, by Betfage en Betanië op die Olyfberg,

Markus 11:11

[11] Jesus het in Jerusalem na die tempel toe gegaan en alles daar bekyk. Dit was al laat middag toe Hy en die twaalf weer na Betanië toe gegaan het.

Markus 11:12-14

[12] Toe hulle die volgende dag van Betanië af terugkom, het Jesus honger gekry. [13] Hy sien toe op 'n afstand 'n vyeboom met blare aan en gaan daarheen om te kyk of Hy nie miskien 'n vy daaraan kry nie. Toe Hy daar kom, kry Hy niks nie, net blare, want dit was nie vyetyd nie. [14] Hy sê toe vir die boom: "Van jou sal niemand tot in der ewigheid ooit weer vye eet nie."
Sy dissipels het dit gehoor.

'n Vyeboom sonder vye is 'n teken van die gebrokenheid van die wêreld – simbool van hongersnood en elende en swaarkry. Wanneer Jesus die vyeboom vervloek, dan vervloek Hy eintlik die gebrokenheid van die wêreld. Dis nie hoe God wil hê die wêreld moet wees nie. (Openbaring 22:2 *Tussen die hoofstraat van die stad aan die een kant en die rivier aan die ander kant staan die boom van die lewe. Hy dra twaalf keer per jaar vrugte: elke maand lewer hy sy vrugte. Die blare van die boom bring genesing vir die nasies.*)

Markus 11:15-16

[15] Hulle kom toe in Jerusalem aan. Jesus het na die tempel toe gegaan en die mense wat op die tempelplein besig was om te koop en te verkoop, daar begin uitjaag. Die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers het Hy omgegooi. [16] En Hy het niemand toegelaat om goed oor die tempelplein te dra nie.

Kom ons kyk waar hierdie insident plaasvind ...

Hoekom het Jesus so kwaad geword?

Markus 11:17

17 Toe het Hy die mense geleer en vir hulle gesê: "Staan daar nie geskrywe: 'My huis sal 'n huis van gebed vir al die nasies wees' (Jes 56:7) nie? Maar julle het dit 'n rowersnes gemaak."

Geldwisselaars
Duiweverkopers
Die "kerk" van destyds het al hoe meer 'n eksklusiewe klub geword. God se liefde is beperk!

Jesus het tot in die wese van die Joodse godsdiens van destyds ingesny.

Repurkussies? Natuurlik! Ons kan selfs sover gaan om te sê dat dit die insident was wat direk tot Jesus se kruisiging aanleiding gegee het.

Markus 11:18-19

18 Die priesterhoofde en die skrifgeleerdes het dit gehoor en het na 'n plan gesoek om Hom om die lewe te bring, want hulle was bang vir Hom, omdat al die mense deur sy leer aangegryp is.
19 Toe dit aand geword het, het Jesus en sy dissipels uit die stad uit weggegaan.

Die begeerte om iets te doen om Jesus te stop, kom eintlik al 'n lang pad. Reeds in hoofstuk 3:6 van Markus, nadat Jesus die man met die gebreklike hand op 'n Sabbat genees het, het die Fariseërs alreeds planne begin maak om Jesus dood te maak. Die gedagte was dus nie nuut nie. Die tempelreiniging was egter die laaste strooi.

Thomas Troeger

With holy anger, Christ,
disrupt the power that feeds
upon the cruel sacrifice
of others' rights and needs.

As you turned over tables
and sent coins
spinning and jangling
across the temple floor,
disrupt the unholy commerce
in our hearts:
selling faith
for security
and trading justice
for peace.

By your holy anger
drive out every transaction
that profanes
the house of prayer.

By that same anger start
what evil can't defeat:
a stubborn passion in the heart
to see God's will complete.

Baptize us with fire
hotter than Herod's wrath
until we no longer mute
the fury in our hearts
at the slaughter
of the innocents.
Baptize us with fire!

But do not let our rage
grow bitter as the din
of fierce mean minds that fail to gauge
when anger turns to sin.

Instead, let anger be
the first note
in love's ascending scale,
the starting tone
of heaven's dove:
"O Jerusalem, Jerusalem,
if only you knew
the things that make for peace..."
Instead, let anger be
compassion's kindling fire
that lights in us the energy
to live as you desire.